Tema: Die Here leef! Loof en dank Hom vir jou lewe en oorwinning!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 184: 1, 2, 3, 4
Lied 514: 1, 2

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 163: 1
Votum
Seën
Loflied Ps 23 - 1: 1, 2, 3
Geloofsbelydenis: HK Sondag 12, vraag 31 en 32

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Eksodus 20
Sing Ps 25 - 1: 2, 3
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Psalm 18
Teksverse Psalm 18: 2 en 47
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing direk na die preek Ps 18 - 1: 1, 15, 20
Gebed
Liefdegawe
Sing Sb 12 - 6: 1, 4, 5
Seën
Amenlied: Sb 13-3.

Geliefde brs en srs

Wanneer ‘n mens met die dood van ‘n geliefde te doen kry, kyk jy dadelik met ander oë na jou eie lewe. Jy sien skielik dinge raak wat jy dalk as vanselfsprekend aanvaar het en besef: dis alles genade! Dis asof jou eie lewe skielik meer waardevol voel: dankie Here dat ek nog mag leef!

Jy oordink jou eie geloof en die pad wat jy met God loop. Jy sien God skielik in ‘n nuwe lig en dankbaarheid oorspoel jou vir die lewe wat jy uit die hand van God ontvang. En jy besef: eintlik gaan dit nie in hierdie lewe oor myself nie, maar oor hoe God my die lewe skenk en my lewe in sy diens gebruik!

Kom ons kyk vandag saam met Dawid in Psalm 18 terug op ons elkeen se eie lewe en kyk wat ons daarin raaksien en ons loof en prys die Here.

Dawid het Psalm 18 baie naby aan die einde van sy lewe geskryf. Ons kry die Psalm byna woordeliks ook in 2 Sam 22 as ʼn lied wat Dawid skryf om God te dank vir die oorwinnings wat God hom oor sy vyande gegee het – soos vers 1 dit ook verwoord.

Kyk ʼn mens egter in 2 Sameul na die verdere verloop van Dawid se geskiedenis dan sien ons dat hierdie psalm meer is as net ʼn terugkyk op een veldslag of een oorwinning oor ʼn vyand. Dawid is hier eintlik besig om oor sy hele lewe terug te kyk en sy pad saam met die Here te beskrywe! Dis soos wanneer n mens op reis is en ʼn teen ʼn lang bergpas opry en net voor ʼn mens bo kom, is daar ʼn uitkykpunt waar jy kan terugkyk op die roete tot daar bo net voor jy die laaste entjie aanpak.

En as Dawid so terugkyk op die pad saam met die Here dan sien mens dat die hele psalm deurspek is van Dawid se dankbaarheid teenoor die Here, van Dawid aanbidding van die Here se grootheid en van Dawid se lofprysing vir die oorwinning wat God aan hom gegee het.

Daarom is dit ook ʼn psalm wat diep troos en bemoediging vir die gelowige bring! Ek wil die boodskap uit vers 1 en 47 rig en so saamvat:

| Die Here leef en Hy gee aan jou die lewe en oorwinning! Loof en prys die Here! |
|---|

Hierdie psalm laat my baie dink aan Paulus se woorde in 2 Tim 4 waar hy skryf:

“ Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou. Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee, en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat met verlange uitsien na sy koms.”

Net so Paulus kyk Dawid terug oor sy lewe! En terwyl Dawid so terugkyk kan hy nie anders om God in alles raak te sien en oor God te getuig nie! Dis mos waaroor ons lewe gaan! Ons is hier om God te dien en ons hele lewe moet ʼn getuienis wees van elkeen van ons se pad saam met die Here.

In vers 47 kom Dawid- wat my betref – by die hoogtepunt van sy getuienis oor die Here wanneer hy uitroep: die Here leef! God is die enigste ware en lewende God en Hy gee lewe aan mense! Daarom kan ek Hom maar net loof en dank vir die lewe wat

Hy my gegee het! Hy is die rots waaropn ek staan! En dis waaroor hierdie pragtige psalm gaan.

Lof en dank aan die lewende God vir die lewe en die oorwinning wat Hy my gee!

Kom ons kyk in die eerste plek hoe intiem reageer Dawid op die lewe wat God hom gegee het. Hy reageer in vers 2 met die intieme uitroep: “Ek het u baie lief Here! U die die rots van my lewe!”

Ek het u baie lief Here! Hierdie liefde van Dawid is die vrug van God se lewe wat Hy aan sy kinders gee en die verhouding waarin Hy met ons tree! Hierdie liefdesverklaring is ŉ diepe en dankbare reaksie op die feit dat Dawid ŉ kind van God kan wees en dat God aan Hom die ware lewe gegee het! Dat God vir Dawid - soos hy in vers 3 opstapel - die rots, die staanplek, die veilige plek, die skuilplek en die plek van oorwinning kan wees!

Die Here het so ŉ naby en intieme pad met Dawid geloop. Die Here het hom as ŉ jong seun en skaapwagter gaan haal! Daar in die veld het Dawid al geleer en bely: die Here is my herder! Die Here het hom koning van Israel gemaak en hom ŉ belangrike taak laat vervul. ŉ Taak waarin Hy die hulp en bystand van die Here elke dag nodig gehad het. Dawid besing in Ps 18 die grootheid en die almag van die Here waarmee God hom sovele kere in sy lewe gehelp en gered het. As koning moes hy sovele dinge beleef en in alles het God hom die oorwinning gegee.

Geliefde brs en srs en liewe kinders, kan ons vanmore nie met dankbaarheid en blydskap getuig oor die feit dat ons God en Vader dieselfde intieme pad van geloof met elkeen van ons stap nie. Dat Here my en jou sy kinders gemaak het en dat Hy besig is om sy pad met ons te stap! God het sy liefde aan ons verklaar toe Hy Jesus na hierdie wêreld toe gestuur het om sy liefde aan ons te bewys. Dat Jesus – die eie Seun van God – sy lewe aflê sodat ek mag hoor: Die Here het my lief en ek is in Christus sy kind! Wat ŉ wonderlike genade waaroor ons die Here kan loof en prys.

Br en sr, wanneer laas het jy vir die Here gesê dat jy Hom liefhet! Dat jy Hom intiem ken en weet dat Hy jou Vader is en dat jy in die troosvolle sekerheid kan lewe dat jy sy kind is? Dat ek en jy ook intieme geloofsgemeenskap met God kan beleef! Van ŉ pa en sy kind! Laat ons dan vanmore saam met Dawid uitroep: Here, ons is baie lief vir U!

Dawid was in die tweede plek geroep om die Here as koning van Israel te dien. So roep die Here elkeen van ons om ŉ belangrike taak vir Hom te verrig en vir Hom te leef. Jou eerste en belangrikste taak as gelowige is om van die Here te getuig en sy roem en eer te verkondig! Dat jy ook kan uitroep en teenoor almal kan getuig en sê: Die Here leef en Hy is die enigste ware God! Hy gee aan ons die lewe!

Jou tweede taak lê teenoor die mense wat God aan jou gegee het! Jou huweliksmaat, jou kinders, jou gesin, jou familie! Dat God jou roep om daar teenoor elkeen die liefde van die Here te leef! En verder ook al die mense rondom jou – elke mens wat op jou pad kom, wat jy met die liefde van God moet bedien!

Jou derde taak is jou daaglikse werk wat jy verrig! Daar waar die Here jou roep om roeping teenoor die skepping uit leef met die werk wat jy elke dag doen

En nou getuig Dawid en sê: deur dit alles het God hom gelei! Geliefdes, net so ook vir ons! Ons almal kan getuig hoe dikwels God in ons lewens ingegryp, gehelp, uitkoms gegee en gered het. Dawid sê bv. in vers 17" Van bo af het Hy sy hand uitgestrek en my gegryp, my uit geweldige waters uitgelig". Br en sr, hoeveel kere was daar nie al in jou lewe wat jy gedink het "alles is verby" nie en dan gryp God in en gee uitkoms!

Veral die uitkoms wat God vir ons uit die sonde en dood bewerk het! Net soos Dawid is ek ek jy ook sondaarmense wat in sonde val en verkeerde dinge doen! Dawid met die bloed aan sy hande van moord en egbreek – maar wat by God genade vind! Net so vind ek en jy ook genade en vergifnis!

Die genade en vergifnis wat Jesus vir ons kom verwerf het deur die stryd wat Hy hier op aarde gestry en oorwin het! Ons Koning, Jesus, wat as die "Gesalfde van God" as die "Christus" uit die geslag van Dawid gebore is! Dit was God se belofte aan Dawid dat daar ŉ ewige koning op sy troon sou sit en in Sy trou het God hierdie belofte in Christus vervul!

Jesus het mens geword het, juis om ons met God te versoen en vir ons die volle liefdeslewe saam met God te kom ontsluit! Christus het die Satan, die sonde en die dood die stryd aangesê en Hy het oorwin! En hierdie oorwinning word aan elke kind van God gegee! Ook aan my en jou en dit is ons troos en krag.

In Christus het ek en jy ook Satan oorwin, het ons reeds die dood oorwin sodat ons vir ewig kan lewe! Daarom vrees ons ook nie die dood nie – ons weet ons gaan huis toe – na God toe! Soos almal wat in die Here gesterf het! Wat ŉ groot troos

Laat ons dan die Here loof en prys!

Wanneer Dawid so terugkyk, dan sien hy in die derde plek ook hoe die Here hom toegerus het vir sy lewe saam met God. Die woord "gesalfde" het ook die fisiese betekenis. Onthou julle hoe het Sameul vir Dawid aangewys as koning? Ja, Sameul het olie oor Dawid se kop gegooi, hom gesalf tot koning oor Israel. Hierdie daad van salwing het die betekenis van "toerusting" vir die taak. Dawid verwys in sy lied na al die toerusting wat God hom gegee het.

Kyk bv in vers 33 "God omgord my met krag". Vers 35 "Hy leer my hande om oorlog te maak". Hy maak my voete soos die van ŉ ribbok" God het Dawid gawes en vaardighede, innerlike en uiterlike krag gegee het vir die werk wat hy moes doen.

Net so, geliefdes, het God ook in Christus ons toegerus met die Heilige Gees vir ons taak as gelowiges! Ons is met die Gees gesalf om God te kan dien! Die Gees skenk aan ons gawes, talente en vermoëns waarmee ons ons dienswerk vir die Here kan doen!

Die Heilige Gees gee aan ons geloof, hoop en liefde waarmee ons kan volhard! Hy gee ons geloofskrag om die grootste beproewinge en worstelinge in ons lewe te deur leef en vrede in God te vind

Daarom geliefdes, wanneer ons so deur die bril van Dawid terugkyk op ons lewe, dan bring dit by ons dieselfde as by Dawid na vore: diepe dankbaarheid teenoor God vir ons lewe! Dankie Here vir my lewe en dankie wat U aan my skenk en deur my doen! Ons kan saam met Dawid in vers 47 uitroep: Ek loof Hom wat my rots is! God, U is die lewende God – ons loof en prys U vir ons lewe!

Dit is wat Dawid raaksien as Hy terugkyk!

En jy, br en sr, wat sien jy as jy vanmore metafories op die uitkykpunt van die steil pas van die lewe staan en terugkyk op jou pad tot hier? As jy vanmore moes getuig oor jou pad saam met die Here? Sou jy ook vanmore kon sê: Ek het u hartlik lief, o Here? Kan jy ook getuig van jou intieme pad saam met God ons Vader deur Jesus Christus?

As jy "ja" antwoord – mag jou lewe dan een stuk getuienis wees oor God en sy grootheid. Mag dankbaarheid op jou voorkop en op jou hande geskrywe staan! Dat jy die Here dankbaar dien! Mag lof en prys altyd oor jou lippe kom! Die Here leef en ek leef uit sy Hand.

Dawid verseker ons ook in hierdie psalm: as jy God so sien: kan en moet jy sonder vrees en met groot vertroue kyk na die lewe wat nog voorlê! Dink weer aan ons bergpas-metafoor: 'n Mens kyk terug en sien waar jy gery het en hoe gevaarlik die pad was, maar jy sien hoe God jou gelei en bewaar het! Dawid leer ons: net sO seker sal God verder met jou die pad stap! Al lyk die pad hoe onseker of gevaarlik!

Geliefdes, mag hierdie kort verposing saam met Dawid by die uitkykpunt van jou lewe, vandag ook vir jou tot diepe dankbaarheid en aanbidding bring! Dat jy God raak sien en die Here wil loof en prys! Maar mag dit ook vir jou tot groot bemoediging en krag dien vir die toekoms! Dat ons vorentoe kyk en weet: God lewe en ek sal lewe!

Amen